Beeld
Thursday, 12 November 2009

Stefanutti Stocks bou sterk ondanks taai seisoen

Antoinette Slabbert, Pretoria

Winsgrense in die konstruksiebedryf gaan krimp namate mededinging in moeilike handelsomstandighede toeneem, sê mnr. Willie Meyburgh, uitvoerende hoof van Stefanutti Stocks.

Die groep het gister sy resultate vir die ses maande tot einde Augustus bekend gemaak.

Volgens Meyburgh kan daar voortaan minder werk beskikbaar wees omdat kliënte sukkel om finansiering te kry. Kontrakteurs sal dus fyn moet somme maak om kontrakte te wen.

Die groep se boudienste het die flou markte in die Wes-Kaap en Botswana getroef met sy geografiese uitbreiding na Gauteng, KwaZulu-Natal en Mosambiek.

Terwyl ander bou-ondernemings swaarkry, spog Stefanutti Stocks se bou-afdeling met 'n byna vol 2011-bestelboek. Dit kom glo meestal van instellings wat huise bou – dikwels vir hul werkers.

Die meganiese, elektriese en krag-afdeling het deurgeloop onder die kansellasie van kontrakte toe hulpbronpryse geval en myne uitbreidingsplanne geskrap het. Volgens Meyburgh het ander kontrakte egter daarvoor opgemaak.

Die afdeling vir paaie en grondwerke het hom in die oorsigtydperk grootliks besig gehou met padwerk. Hy slyp sy tande vir die volgende fase van die program om Gauteng se hoofweë te verbeter, wat in 2012 toegeken gaan word.

Die struktuur-afdeling het volgens Meyburgh 'n afname in tendergeleenthede en druk op winsgrense oorkom deur op groter regeringsprojekte te fokus. Hoewel die afdeling twee groot marienekontrakte losgeslaan het, sê Meyburgh die plaaslike konstruksiebedryf kry swaar en die groep sal groei in die res van Afrika najaag.

Meyburgh is bekommerd dat 'n gebrek aan finansiering openbare vennootskappe met die private sektor sal vertraag, wat Stefanutti Stocks se konsessie-afdeling kan kasty.

Internasionaal het die groep ontrek uit Doebai en die mark in Aboe Dhabi en Bahrein betree, met Katar en Oman volgende in sy visier. Hoewel daar tans nie veel groei is nie, posisioneer die groep hom vir die opswaai.

Stefanutti Stocks hoop om heelwat regeringswerk te kry, veral in die munisipale sektor, naamlik afvalbestuur, watersuiwering, sanitasie, asook spoor- en pyplynprojekte, en hernieubare energie.

Die groep sal sy dienste aggressief bemark en is op die uitkyk vir gepaste verkrygings.

Stefanutti Stocks se aandeelprys het gister met 4,55% gedaal en op R10,50 gesluit.

STEFANUTTI STOCKS

Kernsyfers

- Omset: R4 miljard (+56%)
- Bedryfswins: R257 miljoen (+46%)
- Wesensverdienste per aandeel: 111,17c (+23%)
- Tussentydse dividend: 25c (-)
- Bestelboek: R6,6 miljard